

## **Die leiding van die Heilige Gees moet sigbaar wees in jou lewe.**

Vrydag 5 Des 2020

### **Rom 8:15,16**

#### **Hoe lei/rig/bestuur/regeer die Heilige Gees jou lewe?**

Die Heilige Gees werk persoonlik in jou hart en lewe.

Hy stel jou in staat om meer en meer die sondige begeertes dood te maak en om gehoorsaam te wees aan God.

Hierdie proses is niks anders nie, as jou heiligmakingsproses nie.

Hierdie proses dui op 'n aanhoudende proses, elke dag wat God in jou lewe werksaam is.

#### **Die Leiding van die Heilige Gees kan as volg opgesom word.** (vgl. Hendriksen. 1982:257)

##### **Dit is nie sporadies nie maar konstant.**

Dit is nie iets wat gegee word as daar gevaar of nood in jou lewe is nie.

Dit is 'n aanhoudende leiding deur die Heilige Gees.

##### **Die leiding is nie (trouense nie hoofsaaklik nie) beskermend nie, maar dit is om korreksies in jou lewe aan te bring.**

In die hele konteks van hierdie hoofstuk is die bedoeling nie dat die Heilige Gees jou fisies moet bewaar van 'n motorongeluk of fisiese seerkry nie.

Nee die bedoeling hier is die beskerming van 'n veel groter seerkry en dit is om te lewe soos wat jou sondige begeertes jou wil verlei.

##### **Die Heilige Gees wys nie net rigting aan nie, maar Hy BEHEERS jou lewe.**

**Joh 16:13** "Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom aan julle verkondig."

Wanneer die Heilige Gees jou lewe beheers en jou lei, dan is dit nie Iemand wat jy net ken wat vir jou sê wat jy moet doen nie, maar dan is dit Iemand wat jou by die hand vat en lei.

##### **Met die leiding v.d. Heilige Gees verval jou verantwoordelikheid nie.**

Die Verantwoordelikheid word nie gekanselleer of onderdruk nie.

Ons kan hierdie verantwoordelikheid so beskryf.

Alhoewel die blinde man na Jesus toe gelei is, moes hy self loop en met Jesus praat. (Mark 8:22)

So alhoewel dit die Heilige Gees is wat ons lei..

- is dit jy wat elke tree van jou lewe moet stap,
- is dit jou ledemate wat moeg word,
- is dit jou hart wat moet groei in liefde,
- is dit jou geloof wat moet toeneem
- is dit jy wat met behulp van die Heilige Gees lewe.

Paulus wek ons op om ons lewe deur die Gees te laat beheers dan sal ons nooit swig voor die begeertes van ons sondige natuur nie. (Gal 5:16) **Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)